# Van Stamverwante Bodem

deur

DR. JAN PLOEGER

DIE *„Algemeen Nederlands Verbond"* of A.N.V., wat hom reeds meer as sestig jaar beywer om die kulturele bande tussen Afrikaners, Nederlanders en Vlaminge te verstewig en om verteenwoordigers van die Dietse stam oor die lengte en breedte van die wêreld 'n sterker gevoel van saamhorigheid te gee, verkeer in moeilike omstandighede.

In sy beskouing *„Balans en Vernieuwing"* noem die skrywer, *dr. R. Gheyselinck*, o.m. die volgende faktore:

(a) Die ledetal in Nederland (met insluiting van die Antille en Suriname) het sedert 1950 nie toegeneem nie en het hier en daar selfs agteruitgegaan.
(b) Die gemiddelde leeftyd van die onder (a) genoemde lede lê baie hoër as in Vlaandere en Suid-Afrika.
(c) Die aantal lede in die Verenigde State neem af.
(d) In Suid-Afrika het die aantal lede sedert 1950 verdubbel.

Verantwoordelik vir die stilstand in Nederland is die heersende neiging om meer aandag aan stoflike belange as aan geestelike belange en waardes te heg. Ook speel die internasionaliserende gedagtes aan die Benelux, 'n verenigde Europa en „zogenaamde algemene menselijkheid" 'n rol wat nie onderskat kan word nie. Onder die Nederlandse jeug, aldus die skrywer, kom 'n gemis aan werklike ideale voor. Met betrekking tot Vlaandere word op die bemoedigende feit gewys dat die afdelings uitbrei en die jeug daarin talryk verteenwoordig en tot dade bereid is.

Met verwysing na ons land stel hierdie Vlaming o.m. die belangrike vraag of die tyd nie aangebreek het nie dat, waar tot op hede 'n al te eensydige verspreiding van Nederlandse boeke in Suid-Afrika plaasgevind het, dit nou vervang moet word deur 'n uitwisseling, waardeur die Afrikaanse boek in 'n groter mate in Nederland en Vlaandere toeganklik sal word.

Ook maak die skrywer daarvan gewag dat daar „als gevolg van eenzijdige en vaak onjuiste voorlichting" deur die Europese pers, 'n „jammerlijk misverstand" gegroei het oor ons rassevraagstuk. In dié verband verklaar die skrywer:

> „Het A.N.V. zal er voor moeten waken, dat de zelfbescherming van een Nederlandse cultuur, die ruimschoots haar deel heeft gehad en nog heeft aan de ontwikkeling van geheel Zuid-Afrika en die in de crisis-jaren der laatste eeuw-wisseling grote offers heeft gebracht voor het ideaal der Vrijheid, niet lijde onder de onjuiste voorstellingen of oppervlakkige vergelijkingen met andere gebieden. Het A.N.V. mag zich nu eenmaal niet aan de consequenties van zijn eigen doelstelling onttrekken."

In *„Band"* (Leopoldstad, 18e jg., nr. 10) het *M. De Blaes* die vraag gestel of 'n Europese program vir middelbare onderwys geskik is vir nie-blankes. Volkome tereg verklaar hierdie skrywer dat die leerstof moet aanpas by die mentaliteit, die volksgroep en die lewenswyse van die leerling.

In dieselfde verband verwys hy o.m. ook na geskiedenis. Waar die blankes nog daeliks in kontak kom met die kultuuroorblyfsels van die Grieke en die Romeine, daar is — met betrekking tot die nie-blanke — daardie skakel nie aanwesig nie. Hoekom moet die nie-blanke leerling dan so 'n uitgebreide hoeveelheid leerstof oor daardie beskawingsgeskiedenis ontvang? Ook in verband met ander leervakke beveel die skrywer aan dat persone met ervaring en kennis van die nie-blankes die leerstof oordeelkundig moet kies. Dié leerstof kan dan in verwerkte vorm eenvoudig en konkreet in aangepaste leerboeke verwerk word.

*F. J. Dubiez* het in die blad *„Ons Amsterdam"* (Nov. 1959) 'n insiggewende bydrae oor die *Amsterdamse Bank van Lening* geskryf. In die sewentiende eeu het hierdie bank nie alleen Europese bekendheid geniet nie, maar ook as voorbeeld vir soortgelyke leenbanke in ander Nederlandse stede gedien. In 1658 het die digter Joost van den Vondel in diens van die bank getree.

*Dr. F. C. Dominicus,* die skrywer van *„Het huiselijk en maatschappelijk leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft van de 18e eeuw"* (in 1917 bekroon deur die S.A. Akademie) het onlangs (begin 1960) sy 75e verjaarsdag gevier. In 1928 het dr. Dominicus in Leiden promoveer op die proefskrif *„Het ontslag van Wilhem Adriaan van der Stel".*

*Heinz Sponsel* se bekende werk *„Die Spur von 100,000 Jahren",* 'n oorsig van dele van die geskiedenis en spesiaal vir jong lesers geskryf, het in 'n Nederlandse vertaling by die uitgewersmaatskappy „Het Spectrum" verskyn. Die skrywer vertel o.m. op boeiende wyse oor die prehistoriese grotte in Spanje, oor die opgrawings op Kreta en oor die werksaamhede wat deur Layard in Mesopotamië verrig is. Ons bewonder veral sy vermoë om op so 'n onderhoudende wyse te kan vertel dat elke jong leser die boek (187 bl.) met groot belangstelling sal lees.

By dieselfde uitgewer het ook *„Schilderkunst en litteratuur in de 19e eeuw"* (deur *prof. G. Brom;* A.26) en 'n Nederlandse vertaling van *E. Barincou* se belangrike werk „Machiavel par lui-même" (*„Machiavelli in zijn tijd",* p. 8) verskyn. In Barincou se boek word die leser veral deur die tydsbeeld getref. Slegs op daardie wyse, deur Machiavelli te midde van die gebeure van sy tyd te sien, kan die onbevooroordeelde leser tot 'n ewewigtige beoordeling van die politieke geskrifte van hierdie veelsydige Italiaan kom, van wie o.m. die nog steeds bekende werk „Il Principe" („Die Heerser") tot ons gekom het. Machiavelli bly nog steeds een van die skerpste waarnemers van sy tyd in 'n verbrokkelde en verdeelde Italië, 'n land wat in daardie dae dikwels 'n speelbal in die hande van magtige buurstate was.


In die Mei-uitgawe van die maandblad *„Zuid-Afrika"* (Amsterdam, jg. 37, nr. 5) wy die redakteur, prof. jhr. dr. P. J. van Winter 'n bydrae onder die titel *„De Unie vijftig jaar"* aan die voorgeskiedenis (1902 — 1910) van die totstandkoming van die Unie. Die skrywer lê o.m. nadruk op die belangrikheid van Transvaal, met name in die persoon van genl. J. C. Smuts, in hierdie verband. In die Junie-uitgawe sal dieselfde skrywer oor „Vijftig jaar Unie" skryf.

In die loop van vanjaar (1960) sal in Antwerpen 'n tentoonstelling gehou word wat die geskiedenis van die stad en hawe tydens die afgelope eeu in woord en beeld sal voorstel. In 1948 is, met betrekking tot die stad Wenen (1848 — 1948), 'n soortgelyke uitstalling gehou. Nog 'n tentoonstelling wat ongetwyfeld baie besoekers sal trek sal gewy wees aan kuns buite Europa, saamgestel uit onderdele van die versamelinge uit die Etnografiese Museum. Besondere vermelding word gemaak van 'n reeks kruise van inheemse oorsprong wat in die sewentiende eeu in die voormalige Kongolese koninkryk vervaardig is.

In verband met die outydse skeepvaart is in die tydskrif *„Antwerpen"* (jg. 6, nr. I.) besonderhede vermeld in verband met die kofskip, 'n skeepstipe wat in die agtiende en die begin van die negentiende eeu in die Laelande en Duitsland in gebruik was. Ook word op verskille tussen hierdie soort skip en die smak- en galjootskepe gewys. In dieselfde tydskrif word in 'n bydrae oor die studie van die plantkunde in Antwerpen in die negentiende eeu (deur Ed. Prison) melding gemaak van die Oostenrykse versamelaar *Franz Wilhelm Sieber,* wat saam met 'n sekere *Zeyher* in 1824 plantkundige navorsingswerk aan die Kaap verrig het.

In 1952 is in Nederland deur die Internasionale Vereniging van Kunshistorici 'n kongres gehou. Een van die uitvloeisels was 'n publikasie in verband met die Nederlandse kuns. Tans het in die Prismareeks (nr. 500) 'n aangevulde uitgawe van die genoemde werk onder die titel *„Gids voor de Nederlandse Kunst"* verskyn. *Dr. H. E. van Gelder,* bygestaan deur *prof. dr. A. M. Hammacher* en *Ing. R. Meischke,* is verantwoordelik vir die teks. Afsonderlike hoofstukke is gewy aan die boukuns, die skilderkuns, die tekenkuns, die grafiese kunste, die kunsnywerheid en skilders en beeldhouers na 1900 (byvoeging i.v.m. met ouer uitgawes). Nie alleen is 'n uitgebreide bibliografie aan die teks toegevoeg nie, maar ook kaarte van die Nederlandse provinsies, planne van stede en 'n lys van museums. Meer as 140 afbeeldings verlug die teks. 'n Uitstekende werk vir elke student en belangstellende oor die verlede van een van ons stamlande (190 bl.).

By dieselfde uitgewer het die werk van *prof. dr. B. H. Slicher van Bath „De agrarische geschiedenis van West-Europa (500 — 1850)"* (416 bl.) in die Aulareeks (nr. 32) verskyn.



# STAAL VIR VOORUITGANG!

Staal is die fondament waarop ekonomiese ontwikkeling in elke vooruitstrewende land gebou word. Met 'n huidige produksiepeil van sowat 1,800,000 gietblokton per jaar, voorsien die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk — algemeen bekend as Yskor — meer as 70 persent van die Unie se staalbenodigdhede.

Tans is Yskor besig met grootskaalse uitbreidings waardeur sy produksievermoë weldra tot 2,350,000 gietblokton per jaar verhoog sal word.

So trag hierdie groot onderneming om Suid-Afrika se vooruitgang te bevorder. Vier-en-twintig uur elke dag en sewe dae elke week word staal in Yskor se werke in Pretoria en op Vanderbijlpark vervaardig . . . deur Suid-Afrikaners vir Suid-Afrikaners.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

**POSBUS 450 PRETORIA**

# Volledige beskerming deur SANLAM:

- **WEDUWEESPENSIOEN**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SPESIALE ONGESKIKTHEIDSVOORDELE (o.a. AANTASTING VAN STEM)**

BESPREEK GERUS U BEHOEFTES MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is SANLAM

VZ 1913/01a